

## A1 Getalle en konfensies

'n Miljoen het 6 nulle: 1 000 000

'n Biljoen/Miljard het 9 nulle: 1 000 000 000

'n Triljoen het 12 nulle: 1 000 000 000 000

Julle raak somtyds deurmekaar met die komma wat op sommige sakrekenaars die duisende skei. In Suid-Afrika gebruik ons spasies om die duisende te skei en die komma om die desimale gedeelte aan te dui. Skryf dit dus so in ons vak!

Om die duisende aan te dui word of 'n spasie gebruik bv. 3 000 000,453. Die getal kan ook as 3,000,000.453 voorgestel word op sommige sakrekenaars of transaksies. Sommige sakrekenaars dui die spasies met 'n komma bo aan bv. 3'000'000,453

Met bedrae geld word die rand en die sent geskei met 'n komma, bv. R 123 345 ,45. Spasies dui duisende aan.

### (i) Oefening 1: Groot Getalle

- (a) Die Garietdam is die grootse waterbergingsplek in Suid-Afrika. Die dam het 'n stoorkapasiteit ongeveer 5,3 triljoen liters. Dit het 'n oppervlak van meer as 370 vierkante kilometer.
- (ii) Die kapasiteit van een Olimpiese standaard swembad is 2,5 miljoen liters. Hoeveel swembaddens sal dit vat om die Garietdam vol te maak?



Ref: Wikipedia



Ref: Wikipedia

- (iii) 'n Fabriek gebruik ongeveer 287 458 kl water om 'n produk te vervaardig. Hoeveel Olimpiese standaard swembaddens sal die fabriek leegmaak in die proses?

(iv) Die muur van die Gariepdam is 88 m hoog en vat ongeveer 1,73 miljoen kubieke meter beton. Een trok vol beton bevat  $6 \text{ m}^3$ . Hoeveel trokke vol beton het hulle bestel om die wal te bou?



(v) Die oppervlak van Suid-Afrika is  $1\,221\,037 \text{ km}^2$ . Watter persentasie van Suid-Afrika se oppervlak word beslaan deur die Gariepdam, wat 'n 370 vierkante kilometer oppervlak het?



(b) Suid-Afrika se bevolking is nagenoeg 48 miljoen mense. As die gemiddelde huishouding uit plus-minus 6 mense bestaan, hoeveel huishoudings is daar in die land?

(c) Die oppervlakte van Suid-Afrika is  $1\,221\,037 \text{ km}^2$  en sy bevolking is ongeveer 48 miljoen mense. Wat is die gemiddelde getal mense per vierkante kilometer?

Ref: Wikipedia

(d) Die son is 148 miljoen km van die aarde af en 'n ruimtetuig kan 'n hoogte van 207 duisend km bo die aarde bereik. Hoeveel keer meer moet hy die afstand aflê om die son te kan bereik?

(e) Die gemiddelde afstand tussen die aarde en die maan is 384 392 km. Hoeveel verder is die son vanaf die maan?

(f) Die spoed van lig is  $300\,000\,000 \text{ m/s}$ . Skryf hierdie spoed in woorde.

(g) In 1996 het navorsers gevind dat 5,6 miljoen volwassenes in Engeland onwettige dwelms gebruik het in die vorige jaar. Teen 2009 het hierdie getal drasties gedaal tot 4,4 miljoen. Wat was die verskil in die getal mense tussen 1996 en 2009?



